BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Vrydag 20 Junie 1980 | WINDHOEK | Friday 20 June 1980 | No. 4182

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika

Windhoek

No. AG. 67 — 20 Junie 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

No. 7 van 1980 — Wysigingswet op Koöperatiewe Verenigings, 1980

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
Secretary of the National Assembly of South West Africa

Windhoek

No. AG. 67 — 20 June 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 7 of 1980 — Co-operative Societies Amendment Act, 1980

Wet No. 7, 1980

WYSIGINGSWET OP KOÖPERATIEWE VERENIGINGS, 1980

(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 18 Junie 1980)

WET

Tot wysiging van die Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings, 1946, ten einde die stemvereistes vir 'n besluit in verband met die amalgamasie van twee of meer koöperatiewe maatskappye of verenigings te verander en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:-

Wysiging van artikel 94 van Ordonnansie 15 van 1946.

1. Artikel 94 van die Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings, 1946, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Twee of meer koöperatiewe landboumaatskappye met beperkte aanspreeklikheid of spesiale koöperatiewe boeremaatskappye met beperkte aanspreeklikheid, of twee of meer koöperatiewe handelsverenigings met beperkte aanspreeklikheid (hierna genoem die oorspronklike maatskappye of verenigings) kan by besluit aangeneem deur minstens twee-derdes van die lede wat hul stemme uitbring in eie persoon of deur gevolmagtigdes (waar dit toegelaat word), op 'n algemene vergadering van elke maatskappy of vereniging vir daardie doel byeengeroep, tot amalgamasie oorgaan en aldus een koöperatiewe maatskappy of vereniging (hierna genoem die nuwe maatskappy of vereniging) vorm.".

Kort titel en inwerkingtreding.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Koöperatiewe Verenigings, 1980, en word geag op 1 Mei 1980 in werking te getree het.

CO-OPERATIVE SOCIETIES AMENDMENT ACT, 1980 **Act No. 7, 1980**

(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 18 June 1980)

ACT

To amend the Co-operative Societies Ordinance, 1946, so as to alter the voting requirements for a resolution in connection with the amalgamation of two or more co-operative companies or societies and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 94 of Ordinance 15 of 1946.

1. Section 94 of the Co-operative Societies Ordinance, 1946, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) Two or more co-operative agricultural companies with limited liability or farmers' special co-operative companies with limited liability or two or more co-operative trading societies with limited liability (hereinafter called the original companies or societies), may by resolution adopted by not less than two-thirds of the members voting in person or by proxy (where proxies are allowed) at a general meeting of each company or society convened for this purpose, proceed to amalgamation and thus constitute one co-operative company or society (hereinafter called the new company of society).".

Short title and commencement.

2. This Act shall be called the Co-operative Societies Amendment Act, 1980, and shall be deemed to have come into operation on 1 May 1980.